**Skriflesing:** Jer 29:1-14
**Tema:** Daar is geen opgee in oorgee en omgee nie.

**Die Here se omgee maak dat ons nie opgee nie.**

Die volk in die Ou Testament het die tempel gesien as die woonplek van God. Nou is die tempel verwoes en hulle is in ballingskap op die terrein van ander gode. Dit het die volk laat dink dat God die stryd teen hierdie gode verloor het. Vir hulle was God weg of nog erger, Hy het hulle in die steek gelaat.

Ons lees in Jeremia 29 hoe die Here Hom opnuut weer 4 keer aan die volk bekendstel met die woorde: "Ek is die Here die Almagtige, die God van Israel."
Vandag bely ons steeds ons geloof in die volgende woorde: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige die Skepper van die hemel en die aarde,"
Hy is ook die God van Israel, hulle Verbondsgod. Die volk het Hom gelos, maar Hy het hulle nie gelos nie. Hy is by hulle, ook waar hulle hulself tussen vreemde gode, tale en kulture bevind. Op 'n besondere manier het Hy aan elkeen van ons by ons doop verseker dat Hy altyd en oral ons God en die God van ons nageslag wil wees. Hy los ons nie.

In Jer 29 is Babilonië die onderdrukker en die volk is die onderdrukte. Hulle is gemarginaliseer, gehawend, verbitterd, moeg en moedeloos en kwaad en bang. Die Here kom verseker hulle dat Hy steeds in beheer van alles en almal is, ook wanneer dit sleg gaan. Ons weet nie waarom daar soms slegte en moeilike goed oor ons pad komen ons beheer verloor nie, maar ons weet wel dat die Here nie beheer verloor nie.
Hy hou ons as sy kinders vas en niks of niemand sal ons uit sy hande kan ruk nie.
Hy verseker sy volk in Jer 29:4 en 14 dat Hy in beheer is, selfs wanneer hulle in ballingskap beland: "[4]So sê Ek, die Here die Almagtige, die God van Israel, vir al die ballinge wat Ek uit Jerusalem in ballingskap na Babel toe weggevoer het;"
"[14]Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en van al die plekke af waarheen Ek julle verstrooi het, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het."

Baiekeer is moeilike tye God se middel tot 'n doel in ons lewens. In ons moeilike tye is die Here besig om ons te snoei en te vorm en maak soos Hy wil. In hulle swaarkry wil Hy dat sy volk terugkom na Hom en oor Hom getuig in die vreemde heidense wêreld waarin hulle hulself bevind.

God skryf ons verhaal. Hy los ons nooit. Die God van Israel, ons Verbondsgod, kies om in liefde vir ons om te gee. Dit maak dat ons nie opgee nie.

**In hom is ons toekoms seker**
Na 70 jaar sal Hy Babel straf, sy volk na Jerusalem toe terugbring en hulle seën.

Ons lees in Jer 29:11 in die Ou Vertaling: "Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."

Die Here wil ook vir ons seën. Hy kan dit doen met aardse rykdom en gesondheid, maar sal dit verseker doen met geestelike rykdom en gesondheid. Hy kan ons seën met aardse voorspoed, maar sal dit verseker doen met ewige voorspoed.
Ons hoopvolle toekoms is vas en seker in Jesus Christus.

Ek sou so graag wou hê dat elkeen van ons van vandag af al op aarde net vreugde en voorspoed sal ervaar. Dat ons soos in die Hollywood Cowboy flieks in die sonondergang in sal wegry na 'n lewe gevul met alles wat mooi en lekker is. Maar daar gaan ook minder lekker tye wees.
Daar gaan lekker en sleg, hartseer en lag, voor- en teëspoed wees. Deur dit alles is God, die Almagtige, die een wat vir ons omgee en ons liefhet, met ons besig.

Eendag het Linus en Charlie Brown van die geliefde Peanuts strokiesprente saam geloop en gesels. Linus sê: *"Ek hou nie daarvan om probleme direk in die gesig te staar nie. Ek dink die beste manier om die probleme op te los, is om hulle te vermy. Om die waarheid te sê, hierdie is eintlik my lewensuitkyk. Geen probleem is so groot of so ingewikkeld dat ek nie daarvan kan weghardloop nie!"*

Ons moet nie in probleem tye opgee of uitdagende tye wegwens nie.

Die meeste mense lewe hulle lewe al wagtende vir iets om te gebeur om hulle gelukkig te maak. Ons is altyd seker dat ons geluk om die draai lê, ons wag vir iemand om op te daag, vir omstandighede om te verander, die situasie om te ontwikkel of ons skip om in te kom.
As ons kinders net eers groter is…
As ek net van plek of werk kan verander…
As ek die skool verlaat... dan sal ek gelukkig wees...

Ons is nie altyd vry om altyd ons omstandighede te kies nie, maar ons is vry om ons reaksie daarop te kies. In Jeremia 29 leer ons van die belangrikste beginsels van die Christelike lewe. In die kinders van die Here se lewe is daar nie plek vir opgee of wegwens nie, maar wel vir oorgee en omgee. **Ons moet vandag blom waar ons geplant is.**

**Gee oor aan God**
**Gee oor aan sy Woord en die waarheid**
Jer 29:13: "13 Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra." Die Woord is God se Eienaarshandleiding. Kom ons lees, leer en leef dit.

En ons moet ons nie laat mislei deur dwaalleraars en doemprofete nie. (Jer 29:8-9)
Die Here sê dat Hy oor 70 jaar sy volk sal terugbring Jerusalem toe. Daar was egter dwaalleraars wat vir die volk vertel het dat die Here gesê het dat hulle oor 2 jaar sal huis toe gaan.
So is daar vandag steeds dwaalleraars wat bv. sê dat as ons God aanbid dit op alle terreine net sal goedgaan met ons. Dit is doodgewoon nie waar nie want dit staan nie in die Bybel nie.

**Gee oor in gebed**
Ons moet biddend saamstaan. Ons lees in Jer 29:7 en 12: "**7**Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange."
"12Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor."

**Gee oor en gee om vir die stad en vir mekaar**
Groet die "slegte oud dae", groet jou droogmaak, hartseer, bankkrotskap of egskeiding. Ook die "goeie ou dae" is verby.
**Gee om vir die stad waar julle nou is.**
Die Here ken elke spikkeltjie van elke omgewing waarin ons as Sy volgelinge bly, daarom is ons hier geplaas. Die plek waar ons nou is, is die plek waar die Here wil hê dat ons moet wees.

Moenie opgee nie. Hy roep ons in Jer 29:5-7 om om te gee.

Hou op kla. Doen hier julle deel om Goddelike vrede en voorspoed 'n werklikheid te maak. Lewer 'n positiewe bydrae. Bou huise en woon daarin. Lê tuine aan en eet van die opbrengs daarvan.

Trou en bring kinders in die wêreld en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Met ons huwelike en gesinne getuig ons dat ons 'n toekoms saam met God het. So word ons draers van hoop.

En bevorder die belange van die stad, want haar belange ook ons belange.

**Afsluiting**
Die verlede gaan nie terugkom nie.
Die hede gaan nie weggaan nie.
En die toekoms gebeur nie vanself nie.
Ons bou vandag saam aan God se beter toekoms vir ons, ons stad en ons land.
Moenie opgee nie, gee oor aan die Here en gee omvir ons stad en vir mekaar.

In die 17de eeu is 'n kerkgebou in die klein dorpie van Staffordshire, Engeland gebou. Daar is 'n gedenkplaat in daardie kerkie wat soos volg lees:

In the year 1653
When throughout the nation
all things sacred where either demolished or profaned
Sir Robert Shirley founded this church
Whose singular praise it is
to have done the best things in the worst times.

Ons as kerk se unieke roeping is om, in oorgee en omgee, die beste dinge in die slegste tye te doen – kom ons gaan doen dit!
Amen